# Is hedendaagse “wedergebore” Christene ingestel op sensasie?

Ja, baie van hulle is veral ingestel op sensasionele Skrifverklaring!

Die Apostel waarsku nie om dowe neute nie, teen die invoer van fabels en leuens, en hy wys op die gevare om elke wind van lering te glo!

Ek het vanoggend `n sms ontvang wat tans onder veral bogenoemde sektor Pentekostaliste en Charismate die rondte doen en ek voel om daarop te antwoord omrede `n volwasse Christen behoort te kan onderskei tussen mite en waarheid.

Dit is gevaarlik om op sensasie ingestel te wees,veral by Skrifverklaring, omrede mens dan jouself oopstel vir misleiding. Op dieselfde sensasionele wyse het satan al soveel skade gesaai onder hedendaagse Christendom en veral daardie sektor wat hulleself so graag verbind tot die tipe verspreiding van “openbarings”. Dit is geen wonder dan dat die idee dat die Antichris nog sy verskyning moet maak, nogsteeds so sterk in sensasionele prediking voorkom nie. Daar word veral teruggeval op vorige dekades se gewilde boeke en openbarings soos onder ander die 666 mitiese getal wat in die Openbaringe boek vermeld word (13). Verwys gerus na besprekings op hierdie vlog oor die Openbaringe Boek se “merkteken” (hoofstuk 13) asook die getal van die dier (waar die tweede koms van Christus behandel word).

Ek kan veel dieper op hierdie saak ingaan maar waar baie nie meer bereid is om behoorlik te lees en ondersoek in te stel na hoe (=die wyse waarop) die Woord van God sake onder ons aandag bring nie (ons behoort nie net een teks te neem en dit in isolasie te lees nie), is dit soms beter om allereerstens `n verwysingsraamwerk te bepaal alvorens daar dieper op die geheel ingegaan word, dit is nou om die saak dan vanuit al sy invalshoeke te benader. Wat ons dan nooit ooit uit die oog behoort te verloor nie is dat die Bybelse teks nie altyd chronologies is nie – dit geld vir beide die Ou en die Nuwe Testamentiese teks – en dit is ook in die algemeen bondig. Uit die aard van die saak kan ons vandag met behulp van rekenaars soveel meer op sake uitbrei as wat die Apostel Johannes byvoorbeeld op die eiland van Patmos kon doen met die hand (hy het alles neergeskryf maar ons kan gemaklik selfs `n paar hoofstukke van `n boek in een dag voltooi).

Ons behoort verder in ag te neem dat die Apostels van Jesus wat die belydenisse uitgedra het soos dit hoort, nie op sensasie ingestel was nie maar op Waarheid! Die Gees van Waarheid, naamlik die Heilige Gees, het deur hulle woord tot ons gekom. Daar is natuurlik `n vertalings- en oorskryfgeskiedenis betrokke by ons Nuwe Testamentiese teks maar wat visioene soos Johannes dit op Patmos ontvang het, betref, kom dit voor asof dit getrou oorgedra was. Visoene was gewoonlik onaantasbaar en God het natuurlik in die Openbaringe Boek (die laaste hoofstuk) waarskuwings gerig aan skrywers wat dan in God se oordele sou val indien daar met hierdie “openbarings”, dit is van Johannes Sy dienskneg, gepeuter sou word.

Ons moet waak teen sensasionele aannames en veral met betrekking tot “Eindtydpredikers”

Sensasie word gewoonlik aangewend om die verkondiger van `n “unieke” boodskap belangrik te maak. Dit is asof satan dan op hierdie tipe boodskap fokus en natuurlik om misleiding te saai. Hy saai ook altyd verwarring en op hierdie wyse word ons ontvanklik gemaak om die leuen te glo. Die leuen lei ons altyd weg van waarheid wat ons geestelik bevry, ook voed. Hou altyd 1 Joh 4 in gedagte want baie misleidende geeste (profete) het in die wereld uitgegaan. En hier kan “profeet” natuurlik vereenselwig word met iemand wat iets aankondig as waarheid maar wat dan nie waarheid is nie (=valse profesie of dan `n valse boodskap).

Toe ek die profesie van die aardbewing, en met verwysing na die onlangse aardbewing in Suid-Afrika, op hierdie vlog gepubliseer het, het ek dit baie duidelik verklaar dat die man wat die Here gebruik het as Sy gesalfde en profeet om hierdie aankondig te maak – dit is dan lank voordat daar van `n aardskeuring gepraat was by monde van Christene en in die algemeen (dit was in die vroee negentigerjare) dit van die Here self ontvang. Dit was iemand wat die Heilige Gees sprekend in vreemde tale ontvang het in 1926 (Aug), en toe God hom as “profeet” gesalf het. God het hierdie skeuring in die aardkors toe daardie oggend in die vroee negentigerjare deur sy

bediening aangekondig as bewys dat Hy lewe. Ek het ook in die “Aardbewing” bespreking op hierdie vlog verwys na die wetenskaplike se bevinding en dit is natuurlik die veld van kundiges wat hierdie tipe aardverskynsels kan beredeneer. Ek het spesifiek na `n skeuring in die aardkors verwys – iets wat op daardie stadium nog nie gemanifesteer het nie – dit is nou besprekings ensovoorts. Sodra ons dan te doene kry met astronomiese verskynsels, ook geologiese en geografiese wetenskaplike bevindings, behoort ons altyd mite – aannames deur veral leke – en werklikheid te skei.

Dit is dan inderdaad verblydend dat dit wat huidig oor die skeuring in die aardkors in Bo-Afrika (Ethiopie) wetenskaplik verklaar word, ter bevestiging is van dit wat God vroegtydig en op so `n kennelike wyse in ons dae onder ons aandag gebring het. Dit behoort opregtes van hart aan te spoor om getrou aan `n verrese Jesus te bly.

Ons behoort dan wel bevindings deur wetenskaplikes in ag te neem en nie net verskynsels in die uitspansel – dit waarop die Christen wel bedag moet wees en veral met betrekking tot Jesus se profetiese woord aan ons oorgelewer volgens die vier Evangelieskrywers - na willekeur te verklaar net omrede ons Bybelse teks ten alle koste in vervulling wil druk nie. Soms word daar aannames gemaak wat inderdaad nie Bybels is nie en dit is op hierdie tipe tendense wat altyd uit die bloute op ons afkom, waarop ons veral bedag moet wees.

Die sms waarna ek voorheen verwys het, maak onder andere melding van die Eufraatrivier wat opdroog asof dit, soos dit bewoord word, alreeds plaasgevind het - of dan ten volle - dit is om die pad van die “konings van die Ooste” oop te kan maak. Feit is die Eufraatrivier het nog nie in sy geheel opgedroog nie! (Kyk https://www.google.co.za/search?sourceid=navclient&ie=UTF-8&rlz=1T4ADRA_enZA436&q=Euphrates+River). Soos die Kongorivier en die Nylrivier is dit tot vandag toe daar en die verklaring, “die Eufraat sal opdroog” kan dan ook simboliek vir ons inhou net soos wat die Openbaringe Boek tot `n groot mate toe simboliek bevat. Dit is dan wel nie in sy geheel simbolies nie, maar simboliek was hoofsaaklik aangewend omrede God veral in hierdie skrywe van hierdie skryfwyse gebruik moes gemaak het andersins sou wat daarin vermeld word, al lankal verdwyn het net soos wat vele kosbare geskrifte ook verdwyn het.

Die volgende webwerf gee ons `n goeie idee wat tans besig is om met die Eufraat te gebeur

http://endtimestruth.com/tigris-and-euphrates-rivers-are-drying-up/.

Die opdroog van die Eufraat word veral toegeskryf aan resente droogtetoestande en wat veral waterverbruik op nywerheids- en huishoudelike gebied raak - watertekort is veral `n hedendaagse verskynsel wat beslis algaande `n groter globale bedreiging word. Daar is dan ander riviere wat ook in gedrang is. (Ek kan onthou dat tydens `n Hebreeuse klas iemand op `n stadium verwys het na hoe lekker sy en haar maats in die See van Galilea (wat verbind word met die Jordaanrivier) kon swem, ook dat dit nie diep is nie maar dat hulle maklik daarin kon loop. Dit was natuurlik geimpliseer dat die verhaal oor Jesus wie op hierdie see geloop het, deur-en-deur `n mite is. Die onlangse droogte in Israel het uit die aard van die saak hierdie tipe watervlakdaling wesentlik geraak en natuurlik ook met betrekking tot die Jordaan).

Maar omrede die Eufraat spesifiek in die Openbaringe Boek genoem word, is dit veral interessant omdat dit juis nou van belang vir ons is, dit is in hierdie pre-Armageddon fase. Tog, met die huidige klimaatsveranderings in volle swang kan ons afwisselend oorstromings en droogtetoestande belewe. Ekself is gevolglik van mening, dit is afgesien van alles wat oor hierdie saak aangevoer kan word en waarop ons wel ag behoort te slaan, dat God dit wat aan't gebeur is, naamlik die opdroog van die eens magtige (antieke) Eufraat, as teken gebruik om ons aandag op hierdie kritieke fase in die geskiedenis van die mensdom te vestig maar dat dit wat Hy vir ons wil verklaar, ook veel wyer gaan as net hierdie fisiese teken. (God gebruik veral in profesie voorwerpe/gebeure wat ons met die oog kan waarneem om Sy boodskap in te klee omrede Hy weet dat die aardse mens hoofsaaklik sintuiglik ingestel is).

Moderne oorlogvoering en oorlogvoeringstrategiee is beslis nie meer, soos in antieke tye, aangewese op voetsoldate nie, altans nie uitsluitlik nie - voetsoldate is wel nog stewig in plek en hulle sal altyd van kritieke belang wees in oorlogvoering, net soos wat ons dit uit die Israeli/Hamas konflik gesien het, maar oorloe word nou hoofsaaklik op `n gesofistikeerde wyse gevoer en dit is dan eintlik nie nodig vir die Eufraat om fisies op te

droog sodat die "pad van die konings van die Ooste" oopgemaak kan word nie. Tog verklaar die Woord van God dit op hierdie wyse en dan sekerlik met baie goeie rede. Maar vir my dui hierdie Bybelse openbaringsteks dan op soveel meer as net die fisiese opdroog van hierdie baie belangrike Nabye-Oosterse antieke rivier, en dit is die kruks van die saak.

Die "Eufraat" spreek dan gewis en seker van antieke gebruike en oorlewerings wat veral in die Ooste geld tot vandag toe en wat lynreg teenoor die ware God van Israel en Sy besondere aanbiddingstelsel staan. God dra altyd belangrike gebeure op bondige wyse oor en Hy gebruik dan wel, net soos wat ons daarmee kennis maak in die Openbaringe Boek, gewone, alledaagse dinge vanuit ons direkte omgewing en waarmee die mens dan goed bekend is, om Sy boodskap op sinvolle wyse by ons tuis te kan bring. En die "oopmaak van die pad van die konings van die Ooste" - `n beskrywing wat sterk beeldspraak inhou - word dan juis aan die Eufraat verbind om die mens sintuiglik wakker te maak en sodat hy kan let op God se horlosie met betrekking tot die Midde-Ooste en Armageddon (=God se bestemming vir Sy volk).

Feit is, as die Openbaringe Boek nie op hierdie wyse, naamlik kort en bondig oorgedra was nie, net soos wat Johannes se profetiese visioene ook oorgelewer was aan ons, sou hierdie baie belangrike apostoliese geskryf `n lywige boek gewees het en wat dan sy praktiese oorlewering van, geslag tot geslag, sou geskaad het. God het gevolglik `n baie sinvolle doel gehad met die simboliek wat Hy aangewend het in hierdie geskrif en natuurlik omrede die inhoudelike die waarheid so sterk aangespreek het - dat die opkomende afvallige kerk wat die eerste eeuse meelewende kerk vervang het (!) in volle swang sou kom in die post-apostoliese fase en toe Sint Ignatius `n skeiding gebring het tussen die Kollege van die Twaalf Apostels aan die een kant (die eerste eeuse kerk ) en die Kollege van die Biskoppe (die post-apostoliese kerk) aan die ander kant.

Wat veral belangrik is is dat ons dan hierdie saak objektief, dit is sonder oordrewe emosie en sentiment, moet benader. Die Eufraat versimboliseer, soos dit voorkom, die "Oosbloknasies" wat `n Hoof (die aanvoerder van die “konings van die Ooste”) sou oplewer en wie dan ook `n kardinale rol by die Armageddon-slag sal speel. Dit is afgesien van die “Dier” en die “Valse Profeet” (=twee afvallige figure (!) en wie dan nie aan die kant van Jesus en van Israel sal staan nie alhoewel die "Dier" wat die verborge getal dra (666), dit is volgens Open. 13, moontlik as `n pseudo-Verlosser van Israel sal optree en moontlik met betrekking tot hulpverlening om die Tempel te herbou(?).

Die "konings van die Ooste" word in die algemeen uiteenlopend verklaar omrede dit betrekking het op Eségiël se Gog en Magog-nasies en dan wel met die “Ros, Meseg en Tubal” affiliasie in gedagte. “Ros” wat duidelik verbind word met die Hebreeuse “rosh” (=hoof) sal dan een van die konings van die Ooste wees, maar die aanvoerder daarvan, naamlik Gog, sal die "Oosbloknasies" rig en saam sal hulle optrek teen Israel "aan die einde van die dae" - met natuurlik `n grafiese verdeling tussen Oos en Wes in gedagte. Maar waarom sal hierdie alliansie wat verbind word met die "konings van die Ooste" dan juis deur die Eufraat moet gaan? Waarom nie via Europa nie? Hierdie vrae kan gevra word en hierdie saak behoort ons dan weer terug te bring na die belangrikheid van die antieke era en toe die Eufraat die slagaar van die antieke beskawings was. Sterk beskawings het veral hulle kulture, insluitend hulle tipe aanbidding, op hulle onderdane afgedwing en so het kruisbestuiwing op geloofsvlak natuurlik gedy.

Sommige Bybelverklaarders verbind “Ros” met Rusland terwyl ander dit beskou as die Sjinese leierskap – beide sterk hedendaagse rolspelers in die wêreldpolitiek – maar baie bespiegelings is tog ook in plek. Wat wel Skrifverantwoordbaar is is dat die “Ooste” die Oosterse nasies en hulle gebruike insluit – die onderskeie Oosterse nasies se afvallige religieë/kultusse, die Oosterse kultuur wat in die algemeen nie ware aanbidding handhaaf soos wat God dit aan Israel en die Christendom voorgehou het nie, en wat veral die okkultisme insluit asook eiesoortige ideologieë wat wêreldtendense tot vandag toe stier en beïnvloed. Dit kortliks.

Die “Eufraat” was juis daardie rivier wat met sy sytakke die Midde-Oosterse en Nabye-Oosterse nasies in antieke eras ekonomies en andersins aan die gang gehou het (Summerië, Assirië, Babilonie (Chaldea), die Persiese Ryk) wat so `n sterk invloed op oud-Israel uitgeoefen het - veral na die Ballingskap en wat die Suidelike Ryk wesentlik geraak het. Die Baälaanbidding, die vrugbaarheidskultus, was juis in hierdie geografiese area sterk verteenwoordig en dit was juis hierdie afvallige aanbiddingstelsels wat ook deurgewerk het op Israel se ware Godsaanbidding. Dit is dan sinvol om die opdroog van die Eufraat ook simbolies te verklaar. Dit is inderdaad so dat die Babiloniese aanbiddingstelsel sterk op die post-apostoliese afvallige kerk deurgewerk het

en belangstellendes kan baie op die internet naspeur met betrekking tot hierdie spesifieke saak (=die Katolisisme en haar paganistiese godsdiensstelsel).

Maar met betrekking tot “Gog” die aanvoerder van Ros, Meseg en Tubal - laasgenoemde twee word veral vereenselwig met Turkye en sy bondgenote (Tubal) en Meseg (die Magog-nasies oftewel die Asiatiese nasies) – verwys gerus na antieke kaarte maar daar is tot vandag toe nie sekerheid wie Ros eintlik is nie en wat dan in die algemeen aangevoer word berus grootliks op aanname en bespiegeling – Gog was in die verlede veral met Rusland verbind en sommige waagmoediges het dit jare gelede selfs as Russiese handelsmerke verklaar. Dit kom egter voor asof Rusland met wie die Joodse stamme ook vermeng geraak het, wel met hierdie beskrywing vereenselwig kan word.

Rusland het wel nogsteeds `n sterk invloed soos wat ons dit huidig bespeur in die Ukraine en Rusland kan dalk wel `n baie goeie opsie wees. (Ek kan ook net bondig hier skryf maar ons kan die saak dalk later hervat). Let ook daarop dat God praat van “konings van die Ooste”, dit is meervoud en dit sal dan meer as een leierskap wees wat die voortou sal neem om veral die "Oosbloknasies" soos reeds na verwys (maar net uitsluitlik hierdie nasies?) teen Israel te mobiliseer (Open. 16.12; verwys ook Jes. 41.2). Maar die mistieke "Gog"-Aanvoerder laat baie nogsteeds kopkrap.

Ons lei af (Ou en Nuwe Testament) dat al die nasies eventueel teen Israel sal mobiliseer en wat ons dan behoort te begryp is dat alles eventueel om Israel en die lotsbestemming van hierdie volk sal sentreer want die Almagtige God het in die antieke era Homself aan hierdie volk geopenbaar en deur hierdie volk se profete en rigters Sy besondere raadsbesluite bekend gemaak.

Die volgende is beslis `n verworpelike mite

Gekwoteer uit die sms : “....en in die hemelruim in die Noorde in die groot swart gat waar niemand nog kon sien nie het hulle `n lens geontwerp wat daar kon inkyk en hulle sien miljoene biljoene witperde rondmaal... Dis die perde waarmee Jesus en ons die kerk weer saam met Hom gaan terugkom aarde toe waar Hy met sy voete op die olyfberg sal afklim van Sy perd af en die berg split in twee tot onder in die dal van Megiddo waar die groot oorlog gaan plaasvind en Jesus sal kom afreken met die antichris....”

Nou hier word soveel saamgevat, ongelukkig sonder teksverwysing, dat dit beslis nie in een paragraaf aangespreek kan word nie.

Die sogenaamde “swart gat” (black hole) oftewel die “groot swart gat” is iets waaroor net wetenskaplikes kan redeneer. Dit verg iemand met deeglike vakkennis op hierdie gebied om sinvol daaroor te kan beredeneer. Ons verneem gou dat die sogenaamde "black hole" `n baie sterk magnetiese veld is maar ek is nie `n astronoom wat my op hierdie terrein kan of wil waag nie. Daar word wel van meer as een swart gat-verskynsel gepraat.

Let veral op die volgende met betrekking tot die wederkoms van Jesus

Die Bybel verklaar (Hand. 1) dat Jesus opgevaar het in `n wolk (!) of in wolke en Paulus verwys ook dat ons “in wolke weggevoer” sal word by die wederkoms van Jesus (1 Thes. 4.13+). Hou in gedagte dat Jesus volgens Hand. 1 "net so sal terugkeer soos wat Hy opgevaar het". Hou verder in gedagte dat Paulus met goeie rede verklaar: “Ons weet nie wat ons sal wees nie maar ons sal aan Hom (Jesus) gelyk wees (met of na Sy terugkeer).

Dit is dan nie vergesog om te redeneer dat ons ook, by die wederkoms, soos Jesus tydens Sy opvaring, in wolke weggevoer sal word en waar ons vir `n tyd lyk sal wees totdat ons, volgens die Openbaringe Boek, sal terugkeer aarde toe om saam met Hom te regeer (= verwysend na die neerdaling van die “Nuwe Jerusalem” wat gekleed sal wees soos `n Bruid – Open. 21.2). Die illustrasie van die "Nuwe Jerusalem" is weereens `n simboliese voorstelling want Paulus verklaar tog baie duidelik dat ons liggame die ware Tempel van God se Gees is (1 Kor. 3). En Jerusalem versinnebeeld altyd die uitverkore volk van God en veral Sy heilige Tempel.

Ons behoort dan baie versigtig te wees om nie alles letterlik te wil verklaar nie. `n Sensuele mens (iemand wat oordrewe op omgewingsinvloede en tekens, veral letterlike bewyse, ingestel is, is nog in die kindfase en hierdie tipe Christene is volop omrede hulle nie geestelik ingestel is nie. Die gees van die tyd en die gees van die wêreld is die oorsaak dat die gemiddelde millennium Christen - eintlik die oorgrote Christendom – sinnelik geword het (Paulus verklaar die verloop van afvallige Christendom baie raak in 1 Tim 4 en 2 Tim.3 & 4)

Dit vereis `n kind van God wat bid en wat God in Gees en WAARHEID wil dien, om deesdae te kan onderskei tussen leuen en waarheid! Feit is dat sedert die Torronto Blessing-verskynsel op die liggaam van Jesus toegesak het - dit is teen die middel negentigerjare het Oosterse invloede die Christendom gekontamineer met afvallige idees. Daar is net een uitweg om hierdie afvallige tendens hok te kan slaan en dit is vernuwing van ons denke via die pad van `n ware Heilige Gees beweging. Om hierdie rede moet ons bid sodat Jesus ons opnuut kan was in Sy bloed - kan reinig van afvalligheid en misleidende geeste (1 Jn 4) en ons sal derhalwe drastiese stappe moet neem om terug te keer na hierdie ware geestelike pad en wel soos wat die Apostels van Jesus dit vir ons neergelê het in hulle geskrifte.

Satan gedy op `n leuengees en daar is geen nag so swart as `n geestelike nag nie! Ja, ons mag dink dat ons alles het, maar as ons bereid is om na God se Gees te luister, sal ons baie gou die tekens van afvalligheid kan lees in vergesogte Skrifverklaring.

Om net weer terug te keer na die betrokke sms waarna ek voorheen verwys het. Die hemelse leër van God kan seker voorgestel word, dit is met perderuiters in gedagte*, maar ons behoort `n ruiter op sy perd liewer simbolies te verklaar want God het nie perde nodig – en veral om hierdie miljoene biljoene (?) op die aard van die mitologiese Pegasus-perd oftewel die Sagatarius-astrologiese perd, erens in bewaring te hou nie en met die doel om die Christene fisies, dit is galopperend op perde, aarde toe te bring saam met Jesus nie! So `n verklaring spreek, weereens, van die onvolwassenheid van vele hedendaagse Christene ten opsigte van die Woord en veral met betrekking tot hulle geestelikheid. Hou veral in gedagte dat die vier perderuiters in die Openbaringe Boek simboliese voorstelling is! Elkeen spreek van `n tydvak in Christendom, dit is vanaf die uitgang van die Woord, dit is sedert die Bovertrekboodskap van Petrus (Hand. 2) tot vandag toe. Maar hierdie saak vereis `n ander bespreking.

Die wit perd van die Openbaringe Boek en waarop die Man sit met die boog in Sy hand, is natuurlik simbolies Jesus Christus wie vanaf die begin van die prediking aangaande Hom, uitgegaan het as Oorwinnaar!

Dit kom voor asof baie nie `n begrip het van beeldspraak nie. Beeldspraak het wel betrekking op die werklikheid maar beeldspraak is simplisties gestel, simboliese voorstellings wat op definitiewe sake/persone dui maar dit is dan nie asof die simboliek wat aangewend word, so verwerklik moet word dat Johannes se dier wel letterlik tien (dierlike koppe) het en dat die vrou in Open. 17 wesentlik `n vrou is nie! Om hierdie rede moet ons BID dat God ons die wysheid sal gee om dit wat deur Sy Gees aan die profeet vertoon was, deur Sy Gees van Waarheid aan ons verklaar/oopgemaak sal word! Hou altyd in gedagte dat die geheel in simboliek veel groter is as sy voorstelling - dit wat grafies aan ons geillustreer word (as "visioen") is dan slegs `n kompakte oordrag van sake wat dan `n veel dieper (=verborge) boodskap bevat en wat dan verklaar sal moet word aan die hand van die beskrywing/tekens wat in die oordrag (die visioen) gelees kan word.

Alvorens baie dan weer op hol gaan oor hierdie sensasionele foefie behoort ons ons liewer oop te stel vir God se ware Geesleiding sodat Hy ons via die Skrifte kan help om nie wild en wakker aannames as waarheid aan een en almal te verkwansel nie! Dit is net soos wat die 666 furore oor die merkteken van die "Bees" in die tagtigerjare duisende na kerke toe gelok het en waar Pinkster en Charismatiese predikers – selfs vanuit die gereformeerde kerke - dit entoesiasties aan hulle gehore opgedis het (Die getal van die dier en sy merkteken is tog duidelik twee onderskeie aspekte en leuens was opgedis aan naiewe siele wat gretig na waarheid gesmag het maar dit nie kon kry nie!).

Laat ons dan Christus met alles tot ons beskikking soek en vra na Sy ware Heilige Gees vervulling – dit is die Gees van WAARHEID!

Dit lyk asof `n kleuterskoolmentaliteit en gevolglik `n honger na slaaptydstories die Kerk van Jesus ingeneem

het! Die tipe New Age tendens gaan veral terug na die vroegste gnostiese sektes wat hierdie tipe verklaring van die Skrifte sou opgeraap het as waarheid! Daar is niks so gevaarlik as `n halwe waarheid nie!

In afsluiting: Perde speel nogsteeds `n belangrike rol in veral die Arabiese kultuur. Gaan gerus na http://www.janadriafarm.com/ Volgens die Openbaringe Boek sal die perde tydens die Amargeddon slag tot aan hulle stange in die bloed swem. Baie sal dit natuurlik weereens letterlik vertolk asof die hele Jordaanrivier bloed sal wees - ek kan onthou dat daar jare gelede `n mediaberig was, verkondig deur `n teoloog, dat bloed uit ons krane sou tap, dit is volgens sy verklaring en wat natuurlik weereens `n vergesogte idee was. Maar dit behoort tog duidelik te wees dat dieselfde Openbaringe geskrif verklaar dat die groot slag tydens “groot reens” sal plaasvind - ook iets wat ons in gedagte behoort te hou en veral inaggenome ons huidige klimaatsveranderings en weerpatrone - en die bloed van die perde sal natuurlik dan met water vermeng. Dit dui beslis op die geweld van hierdie slag. Jesus het dan nie met `n perd opgevaar nie en die verlostes sal nie op perde aarde toe kom nie (Die Moslems bely dat hulle profeet op `n perd opgevaar het).

Waarom die perde hier letterlik verklaar? mag iemand dalk vra. Omrede perde nogsteeds bestaan en perde `n vervoermiddel is oftewel `n krygsdier maar ons weet nie wat alles mag gebeur met die wereld se infrakstrukture en selfs die nasies se wapentuig nie. God sal van bo af slaan met haelstene en dit is dan God se elemente wat Hyself sal inspan om oorwinning vir Sy volksgenote te bewerkstellig en om Sy Naam te verheerlik. Ons het juis nou te make met klimaatsveranderings soos nog nooit in die geskiedenis van die mensdom.

Dit is eienaardig en wonderbaar wat God met Sy skepping kan doen tydens konfliksituasies (bye byvoorbeeld in die sesdaagse oorlog en wat die vyand op vlug laat slaan het – dit is na bewering). Maar as ons dit simbolies wil hou, kan ons wel redeneer dat dit op die omvang en intensiteit van hierdie slag dui alhoewel ekself van mening is dat volgens die beskrywing in die Openbaringe Boek, dit wel perde sal wees omrede die Slag van Armageddon fisies sal afspeel in die antieke Dal van Josafat en waar Jesus/Yeshua HaMaschiach, God se Seun, fisies met die nasies in gerig sal gaan. En Israel wat groot benoudheid in die gesig sal staar (Dan. 12) sal dan uit hulle benoudheid verlos word deur hulle Messias, Jesus/Yeshua HaMaschiach wie Homself aan hulle sal openbaar (Sag. 13).

---

(Hersien 2014/08/28/29)

*Dit kom nie voor dat God sy leers op perde beskryf nie. Ek het vining na die Strong's gekyk maar kon niks vind nie, altans nie `n leer van perde nie maar waarmee ons wel kennis maak, dit is met betrekking tot God se hemelse ryk en leer, is perdewaens oftewel "chariots". As iemand `n teksverwysing kan en wil gee, doen dit gerus. So help ons mekaar.

Ek wil net graag byvoeg dat wat hier bespreek is, is maar net `n samevatting want daar is soveel fasette tot hierdie saak dat mens dit in diepte moet naspeur. Sal al die nasies byvoorbeeld teen Israel draai? Israel het inderdaad tot hede toe sy getroue bondgenote en hierdie tipe ondersteuning aan Israel is natuurlik God se bestemming vir hulle. Maar ons kan seker redeneer dat as Israel nie gedruk sal word tot op daardie punt waar hulle net afhanklik van hulle Messias sal wees nie (hulle Verlosser), sal hulle benoudheid ook nie so intens wees dat hulle alleenlik op Hom sal kan roep nie (Jes. 6;Dan. 12). Die God van Israel, die magtige van Jakob, verklaar juis dat Hy Sy volk in hulle benoudheid sal verhoor en dat hulle Hom dan sal eer. Daar sal `n menigte in die Dal van Beslissing (die dal van Megiddo/Josafat)vergader (letterlik volgens die Openbaringe Boek duisende van (x) duisende van (x) duisende!

Ester Blomerus

www.housealtarnetwork.com

Augustus 27, 2014